Hoe loop die maand verder…

Heelwat woekerpogings word in die volgende ruk gehou. Dis wonderlike nuus vir huisvrouens wat ’n slag iemand anders se kos kan eet!

Vrydag 5 Oktober

Op Vrydag 5 Oktober hoef lidmate nie self kos te maak nie, maar kan ’n heerlike hoender-maal as ’n wegneem-ete koop.
Dit kan tussen 17:00 en 19:00 gekry word:
Kleinmonders by die kerksaal
Lidmate in Bettysbaai en Pringlebaai by die sentrum
Lidmate in Rooiels by Drummond Arms
’n Winskoop teen R50!

Woensdag 10 Oktober

Die jaarlikse Bring-en-Deel byeenkoms van Kleingroepe vind op 10 Okt. 2018 om 18:30 in die Kerksaal plaas.

Die spreker is prof Louis Jonker van Stellenbosch. Hy sal praat oor “Om nuut te dink oor God”. Prof Louis is vanjaar die wenner van die Andrew Murry-Desmond Tutu-prys.

Vrydag 19 Oktober

As deel van die gemeente se verjaardag is daar ’n heerlike gemeente-ete in die vorm van ’n steak-braai. Kaartjies is by die blokouderlinge en die kerkkantoor beskikbaar.
Vir R100 kry jy 300g steak, bykosse en nagereg.
Jy gaan heerlik eet en gesellig kuier.

Vrydag 26 Oktober

Jy het die keuse van lasagne en slaai vir R45, Kerrie-vetkoek teen R30 of ’n boerewors-rol teen R20. Kaartjies is by die wyksouderlinge van Klein Berlyn of die kerkkantoor beskikbaar.
Dis ’n lekker kuieraand in die kerksaal vanaf 18:00.
Koop jou kaartjie voor 23 Oktober en kom geniet die aand.

Saterdag 3 November

Groot basaar-lekkerte met Hangklip se basaar in die sentrum.

GEMEENTENUUS

NG KERK KLEINMOND

Oktober 2018

’n Gebed oor selfbeeld

Dankie, Here, dat u my stukkende selfbeeld heel kan maak deur u beeld al meer in my gestalte te laat kry. Leer my, Here, dat selfhaat baie na aan selftrots lê. Dankie dat U my liefhet en só onvoorwaardelik aanvaar dat ek myself en ander maar mag aanvaar en liefhê.

Dankie dat ek my menswaardigheid nie hoef te koop, te verdien of te bewys nie. En, Here, as ek op die ou patroon terugval, help my om in U my waardigheid terug te wen en nie deur eie verdienste nie.

Here, bewaar my daarvan om te dink dat ek gearriveer het. Vergewe my dat daar so baie stagnasie en so min groei in my daaglikse lewe is. Maar dankie, Here, dat ek myself mag wees – iemand met ’n persoonlikheid wat u geheilig het, ten spyte van my impulsiwiteit en groot mond.

Ag, Here, watter verligting dat dit nie altyd meer vir my saakmaak wat die mense van my sê of dink nie, maar wat U van my weet. Dankie dat U die genadige Beoordelaar is wat nie my gebreke raaksien nie, maar my potensiaal: wat ek in U kan word.

Verkort oorgeneem uit DIE OORVLOED WAT GOD GEE.
Annemarie le Roux

Jesus het in Afrika gebly

Onlangs skryf ds. Nelis Janse van Rensburg, die voorsitter van die sinodale leierspan, die volgende oor kerkwees (Kerkbode 20 Julie):

Jesus het in Afrika gebly, miskien die eerste twee jaar van sy lewe. Ná Sy hemelvaart was die Ethiopiër wat op pad terug na Afrika was, een van die eerste Christenbekeerlinge. En 180 jaar later is oor Ethiopië geskryf dat die evangelie vroeër al daar verkondig is – moontlik deur dié man? En in die 4de eeu was die kerkvader Augustinus ‘n biskop in Noord-Afrika.

Die Hollanders en Hugenote wat die evangelie na die Kaap gebring het, het dus ‘n toevoeging gemaak tot die koninkryk wat reeds hoër in Afrika gevestig was.

Vandag verstaan gelowiges die evangelie nie meer soos die koloniste vroeër nie. Vir koloniste het dit gewentel om redding, ewige lewe, en die skoling van mense in Europese morele waardes en gebruike. Met ‘n koloniale klassifikasie van mense in etniese groepe. Een wat byvoorbeeld tot die volksmoord in Rwanda gelei het (Hutu’s teen Tutsi’s, 1994). Die wonde daarvan bestaan steeds ten spyte van die heropbou in Rwanda.

Juis in Rwanda was die tema van ‘n onlangse vergadering van Afrika-kerke “*The Journey Leading to Respecting the Dignity and God’s Image in Every Human Being”*. Dít, sê die moderator, is hoe bekering en geloof vandag verstaan word: dit het te doen met anders kyk na mense, met diensbaarheid, respek, omgee, waarde-toevoeging tot ander se lewe, die afbreek van mure, gesprek, genesing van wonde en van mense se eer, met gemeenskap met Christus. Die regte evangelie wat ons – met ons oop wonde – juis nou in Suid-Afrika baie bitter nodig het.

“Die Jesus van die stal, vlugteling, vreemdeling, is reg vir Afrika.”

Ons gemeente is vanjaar 48 jaar oud!

Die gemeente se stigtingsdatum is op 18 Oktober. Hierdie jaar se feesvoeringe is as volg:

Sondag 14 Oktober vier ons as gemeente saam Nagmaal. By hierdie geleentheid word die nuwe fokus van ons gemeente se visie met vreugde gevier. Ons probeer so ver moontlik in die kleure van ons visie aantrek: geel/goud en blou.

Donderdag 18 Oktober kom ons om 07:00 by die strandmeer bymekaar vir ’n dankdiens. Almal bring koffie en iets te ete saam en ons eet en kuier lekker saam.

Vrydag 19 Oktober eet ons saam in die kerksaal. Hierdie jaar braai ons steak. Kaartjies is by die blokouderlinge of by die kerkkantoor beskikbaar.